## VOORWAARDES RAKENDE DIE GEBRUIK VAN SPESIALE LISENSIENOMMERS EN PLATE

1. Persoonlike lisensienommers en spesiale diskrete lisensienommers word gesamentlik gedefiniëer as *spesiale lisensienommers*.
2. **<u>Die Administrasie is die eienaar van alle lisensienommers uitgereik deur die Administrasie. Die toekenning van 'n spesiale lisensienommer aan 'n gebruiker dui op geen wyse daarop dat dit eienaarskap sou beteken nie, dit is slegs die gebruik van die spesiale lisensienommer wat toegeken word. Die gebruik van 'n spesiale lisensienommer is nie oordraagbaar na 'n ander persoon of liggaam van persone nie.</u>**
3. Fooie
   - (i) 'n *Gebruikersfooi*, soos deur die Administrasie bepaal, is betaalbaar binne 21 dae nadat die aansoeker vir die gebruik van 'n spesiale lisensienommer ingelig is dat sy/haar aansoek suksesvol was. Hierdie fooi sluit die koste van die vervaardiging van twee nommerplate deur die gemagtigde vervaardiger in.
   - (ii) *Registrasiegelde*, soos deur die Administrasie bepaal, is betaalbaar in die geval van 'n persoonlike lisensienommer. Die registrasiegelde is betaalbaar tesame met die gebruikersfooi.
   - (iii) 'n *Toekenningsfooi*, soos deur die Administrasie bepaal, is betaalbaar deur die gebruiker aan die toepaslike registrasie-owerheid tydens die toekenning van die spesiale lisensienommer aan 'n motorvoertuig gelisensieer in sy/haar naam of aan 'n motorvoertuig wat gelisensieer staan te word in sy/haar naam.
4. Die spesiale lisensienommer mag slegs aan 'n motorvoertuig gelisensieer in die naam van die geregistreerde gebruiker, of aan 'n motorvoertuig wat in die naam van die geregistreerde gebruiker gelisensieer staan te word, toegeken word.
5. Dit sal van die geregistreerde gebruiker vereis word om binne 12 maande vanaf die datum waarop die gebruik van die spesiale lisensienommer goedgekeur is, die spesiale lisensienommer aan 'n motorvoertuig wat in sy/haar naam gelisensieer is, of gelisensieer staan te word, toe te ken. Sou hierdie tydperk verstryk sonder dat hy/sy hierdie bepaling nagekom het, verval die gebruik van die spesiale lisensienommer, en alle fooie en gelde wat betaal is, sal aan die Administrasie verbeur word.
6. Sou die geregistreerde gebruiker sterf, mag die gebruik van die spesiale lisensienommer na die langslewende gade van die geregistreerde gebruiker oorgedra word, in die geval waar die langslewende gade verkies om hierdie opsie uit te oefen voor of tydens die volgende herlisensiëring van die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken was. In sodanige gevalle sal die gebruikersfooi nie gehef word nie. Die registrasiegelde en die toekenningsfooi, in die geval van 'n persoonlike lisensienommer, sal wel betaalbaar wees.
7. Spesiale lisensienommers sal terugval na die Administrasie vir hertoewysing, sonder enige terugbetaling van fooie en gelde reeds betaal, indien:
   - (i) Die aansoeker nie binne 21 dae, nadat hy/sy in kennis gestel is dat sy/haar aansoek om die gebruik van 'n spesiale lisensienommer suksesvol was, die gebruikersfooi en die registrasiegelde (in die geval van 'n persoonlike lisensienommer) betaal nie.
   - (ii) Die geregistreerde gebruiker nie binne 12 maande vanaf die datum van goedkeuring, of die datum van behoud in die geval van 'n motorvoertuig wat verkoop of gederegistreer was, (sien paragrawe 11 en 12 hieronder), of in die geval waar die spesiale lisensienommer na 'n ander motorvoertuig oorgedra word (sien paragraaf 14 hieronder) sodanige spesiale lisensienommer aan 'n motorvoertuig in sy/haar naam gelisensieer of aan 'n voertuig wat in sy/haar naam gelisensieer staan te word, toeken nie.
   - (iii) In die geval waar die geregistreerde gebruiker oorlede is, en daar nie 'n langslewende gade is nie, of indien die langslewende gade nie die opsie om die gebruik van die spesiale lisensienommer te behou, uitoefen voor of tydens die volgende herlisensiëring van die voertuig nie.
8. Sou die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale diskrete lisensienommer hom/haar in die gebied van 'n ander registrasie-owerheid in die Wes-Kaapse Provinsie hervestig, mag sodanige diskrete lisensienommer net behoue bly op die motorvoertuig waaraan die lisensienommer oorspronklik en voor die hervestiging, toegeken was.
9. Sou die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer hom/haar in 'n ander Provinsie hervestig, is hy/sy volgens wet verplig om sy/haar motor by die betrokke nuwe registrasie-owerheid te herlisensieer wanneer die huidige lisensie verval. Die gebruik van die spesiale lisensienommer verval tydens sodanige herlisensiëring. Geen terugbetaling van enige gelde en fooie wat betaal is vir die gebruik van die spesiale lisensienommer sal in sulke gevalle oorweeg word nie.
10. In die geval waar die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken is gesteel word, en die Suid Afrikaanse Polisiediens 'n "gesteel" merk teen die spesiale lisensienommer aanteken, en die motorvoertuig daarna gederegistreer word, sal die spesiale lisensienommer slegs toegeken word indien die voertuig herwin en die "gesteel" merk verwyder is. Die gebruiker kan aansoek doen vir 'n ander lisensienommer met dieselfde geldwaarde indien die voertuig nooit terruggevind word nie.
11. Indien die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken is wil verkoop, en die gebruik van die spesiale lisensienommer wil behou, moet die volgende prosedure nagekom word:
   - (i) Die motorvoertuig moet in die diskrete provinsiale lisensienommerstelsel herlisensieer word, alvorens dit verkoop mag word. Die geregistreerde gebruiker behou in so 'n geval die gebruik van die spesiale lisensienommer aan hom/haar toegeken.
   - (ii) Die geregistreerde gebruiker van die spesiale lisensienommer moet binne 12 maande die spesiale lisensienommer aan 'n ander motorvoertuig in sy/haar naam gelisensieer, of in sy/haar naam gelisensieer staan te word, toeken, anders sal die gebruik van die spesiale lisensienommer verval.
12. Sou die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken is wil deregistreer, en sou die geregistreerde gebruiker die gebruik van die spesiale lisensienommer wil behou, sal die prosedure wat in paragraaf 11 beskryf is, nagekom moet word.
13. In die geval waar die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken is, wil verkoop, en nie die gebruik van die spesiale lisensienommer wil behou nie, moet die motorvoertuig steeds in die diskrete provinsiale lisensienommerstelsel herlisensieer word, alvorens die motorvoertuig verkoop mag word. In sodanige geval verval die gebruik van die spesiale lisensienommer en geen terugbetaling van fooie en gelde betaal sal oorweeg word nie.
14. Sou die geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer die spesiale lisensienommer wil oordra na 'n ander motorvoertuig in sy/haar naam gelisensieer, of wat in sy/haar naam gelisensieer staan te word, moet die volgende prosedure gevolg word:
   - (i) Die motorvoertuig waaraan die spesiale lisensienommer toegeken is moet in die diskrete provinsiale lisensienommerstelsel herlisensieer word. Die geregistreerde gebruiker behou die gebruik van die spesiale lisensienommer voorheen aan hom/haar toegeken.
   - (ii) Die geregistreerde gebruiker van hierdie spesiale lisensienommer moet die spesiale lisensienommer binne 12 maande aan 'n ander motorvoertuig in sy/haar naam gelisensieer, of wat in sy/haar naam gelisensieer staan te word, toeken.
15. Spesiale lisensienommers mag slegs in swart op wit tru-kaatsende akriel standaard nommerplate wat die SABS merk dra, gebruik word, en hierdie nommerplate mag net deur die gemagtigde vervaardiger, op instruksie van die Administrasie, vervaardig word.
16. Indien 'n vervangende spesiale nommerplaat benodig word, moet die geregistreerde gebruiker van die spesiale lisensienommer op die voorgeskrewe vorm by die Administrasie om so 'n vervangende nommerplaat aansoek doen, en die koste daarvan aan die Administrasie betaal. Die voorgeskrewe vorm sal by registrasie-owerhede en by die Administrasie beskikbaar wees.
17. Die goedkeuring van 'n aansoek om 'n spesiale lisensienommer te gebruik sal slegs oorweeg word as die aansoeker geen gelde of fooie ingevolge die Padverkeerswetgewing verskuldig is nie.
18. Sou die posadres of straatadres van 'n geregistreerde gebruiker van 'n spesiale lisensienommer verander, is hy/sy verplig om bo en behalwe die vereiste kennisgewing van adresverandering wat aan die registrasie-owerheid gestuur moet word, ook die Administrasie van hierdie adresverandering in kennis te stel, ten einde die Administrasie in staat te stel om hernuwingskennisgewings rakende die jaargelde betaalbaar uit te stuur.
19. Die Adminstrasie behou die reg voor om die **uitleg** van die syfers en letters op nommerplate, soos gekies deur die aansoeker om 'n spesiale lisensienommer, ooreenkomstig die beginsels van doeltreffende wetstoepassing te herrangskik.

## CONDITIONS REGARDING THE USE OF SPECIAL LICENCE NUMBERS AND PLATES

1. Personalised licence numbers and special discrete licence numbers are, collectively, defined as *special licence numbers*
2. **<u>The Administration is the owner of all licence numbers issued by the Administration. The allocation of a special licence number to a user does not in any way confer or imply ownership, as it is solely the use thereof that is allocated, and the use of such a special licence number is not transferable to any other person or body of persons.</u>**
3. Fees
   - (i) A *user fee,* determined by the Administration, will be payable within 21 days of the applicant for the use of a special licence number having been informed that his/her/its application was successful. This fee will include the cost of the manufacturing of two number plates by the authorised manufacturer.
   - (ii) A *registration fee*, determined by the Administration will be payable in the case of a personalised licence number. This registration fee will be payable at the same time as the user fee.
   - (iii) An *allocation fee*, determined by the Administration, will be payable by the user to the appropriate registering authority at the allocation of the special licence number to a motor vehicle licensed or to be licensed in his/her/its name.
4. The special licence number may only be allocated to a motor vehicle licensed or to be licensed in the name of the registered user of the special licence number.
5. The registered user will be required to, within 12 months from the date of approval of the special licence number, allocate the special licence number on a motor vehicle licensed or to be licensed in his/her/its name. Should this period lapse without him/her/it doing so, the use of the special licence number lapses and all fees paid will be forfeited to the Administration.
6. In the event of the death of the registered user, the use of the special licence number may be transferred to the surviving spouse of the registered user, in the case where the surviving spouse wishes to exercise this option before or at the next relicensing of the vehicle to which the special licence number has been allocated. In this case the user fee will be waived. The registration fee and the allocation fee, in the case of a personalised licence number, will be payable.
7. Special licence numbers will revert to the Administration for reallocation and no reimbursement of fees paid will be considered, if:
   - (i) The applicant does not pay the user fee and the registration fee (in the case of a personalised licence number) within 21 days of being informed that his/her/its application for the particular special licence number was successful.
   - (ii) The registered user does not allocate such special licence number to a motor vehicle licensed or to be licensed in his/her/its name, within 12 months from the date of approval, or of the date of retention in the case of a vehicle being sold or deregistered (see paragraphs 11 and 12 below) or the special licence number being transferred to another vehicle (see paragraph 14 below).
   - (iii) In the event of death of the registered user, if there is no surviving spouse, or if the surviving spouse does not exercise the option to retain the use of the special licence number before or at the next re-licensing of the vehicle.
8. Should the registered user of a special discrete licence number relocate to the area of another registering authority in the Province of the Western Cape, such special discrete licence number may only be retained on the vehicle that the licence number was originally allocated to before such relocation.
9. Should the registered user of a special licence number relocate to another province, he/she/it is required in terms of legislation to relicense his/her/its motor vehicle at the new registering authority at the expiry of the current licence. The use of the special licence number lapses on such relicensing. No refund of any fees paid for the use of the special licence number will be considered in these cases.
10. In the event of the motor vehicle to which the special licence number has been allocated, being stolen and the South African Police Services placing a "stolen" mark against the special licence number, and the vehicle being subsequently deregistered, the special licence number will only be issued if the motor vehicle is recovered and the stolen mark is removed. The user may apply for another licence number with the same monetary value if the vehicle is never recovered.
11. Should the registered user of a special licence number wish to sell the vehicle to which such special licence number has been allocated, and wish to retain the use of the special licence number, the following procedure will apply:
   - (i) The motor vehicle must be relicensed in the discrete provincial licence numbering system, before it may be sold. The registered user retains the use of the special licence number allocated to him/her/it.
   - (ii) The registered user of the special licence number must allocate this special licence number to another motor vehicle, licensed or to be licensed in his/her/its name, within 12 months, or the use of the special licence number will lapse.
12. The same procedures as described in paragraph 11 will apply if the registered user of a special licence number wishes to deregister the vehicle to which the special licence number has been allocated, and should the registered user wish to retain the use of the special licence number.
13. In the event that the registered user wishes to sell the motor vehicle to which the special licence number has been allocated, but does not wish to retain the use of the special licence number, the vehicle must still be relicensed in the discrete provincial licence numbering system before it may be sold. In such a case the use of the special licence number lapses, and no reimbursement of fees paid will be considered.
14. Should the registered user of a special licence number wish to transfer such special licence number to another motor vehicle, licensed or to be licensed in his/her/its name, the following procedure will apply:
   - (i) The motor vehicle to which the special licence number has been allocated must be relicensed in the discrete provincial licence numbering system. The registered user retains the use of the special licence number allocated to him/her/it.
   - (ii) The registered user of the special licence number must allocate this special licence number to another motor vehicle licensed or to be licensed in his/her/its name, within 12 months, or the use of the special licence number will lapse.
15. Special licence numbers may only be used in black on a white retro-reflective acrylic standard number plate, bearing the SABS mark and these plates may only be manufactured by the authorised manufacturer, on the instruction of the Administration.
16. Should a replacement special number plate be required, the registered user of a special licence number must apply for such a replacement number plate from the Administration on the prescribed form, and must pay the cost thereof to the Administration. The prescribed form will be available at registering authorities and at the Administration.
17. The approval of an application to use a special licence number shall only be considered if no fees owed by the applicant in terms of the Road Traffic legislation are outstanding.
18. Should the postal or street address of the registered user of a special licence number changes, he/she/it shall, in addition to notifying the appropriate registering authority, also notify the Administration of such change of address in order to facilitate the mailing of renewal notices in respect of the annual fee payable.
19. The Administration reserves the right to adapt the **layout** of alphabetic and numeric characters on a number plate, as chosen by the applicant for a special licence number, in accordance with the principle of effective law enforcement.

**I ____________________________________________ in my capacity as the user and or proxy or representative, hereby declare that I am conversant with all the conditions set out on this page, and that I regard these conditions as legally binding.**

**Signed _________________________________at _________________________________ on the___________ day of ____________ month in the year 20_______**